Verwysing: 20180509-1909
13/7/1/2
Navrae: M Combrink

Omsendbrief: 0022/2018
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges en Hoofde van inrigtings wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Kort opsomming: *Duidelikheid oor die inwerkingstelling van die herroeping van die voorbehoudsbepaling rakende Rekeningkunde wat volg op Omsendbrief: 0046/2017.*

Onderwerp: Duidelikheid oor die inwerkingstelling van die herroeping van die voorbehoudsbepaling rakende Rekeningkunde wat volg op Omsendbrief: 0046/2017

1. Die Minister van Basiese Onderwys het die herroeping van die voorbehoudsbepaling wat Rekeningkunde slegs tot Wiskunde-leerders beperk, in Staatskennisgewing Nr. 1402, Staatskoerant Nr. 41321 van 15 Desember 2017, ooreenkomstig die vereistes van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996), uitgereik.

2. Omsendbrief: 0046/2017 (gebaseer op Omsendbrief S13 van 2017) is daarna op 04 Desember 2017 oor die herroeping van die voorbehoudsbepaling, uitgereik.

3. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het die implikasies van die inwerkingstelling oorweeg en beveel aan dat leerders wat in graad 10 in 2017 deur die voorbehoudsbepaling benadeel is, toegelaat moet word om die vak/ke te verander indien hulle dit, in ooreenstemming met die nuwe beleidswysigings, wil doen.

4. Leerders wat dus tans vir **graad 11 in 2018** ingeskryf is en kies om Rekeningkunde as vak te neem, mag dit met óf Wiskunde óf Wiskundige Geletterdheid kombineer. Dié beleidswysiging sal dus ook vir graad 12 in 2019 van toepassing wees.

5. **Skole** sal dus toegelaat word om hul graad 11-vakveranderingsversoeke, na aanleiding van die herroeping van die voorbehoudsbepaling rakende Rekeningkunde**,** tot en met **30 Junie 2018**, vas te lê**.**

6. **Onderwysdistrikte** moet hierdie veranderinge teen nie later nie as **31 Julie 2018** goedkeur.

7. Leerders sal die opsie hê om so gou as moontlik te verander. Dié besluit moet in die beste belang van die leerder wees en deur 'n skriftelike ooreenkoms met die leerder se ouers/voogde gemaak word.

8. Prinsipale word vriendelik versoek om hierdie inligting onder die aandag van alle huidige graad 11-leerders, -ouers/-voogde en -onderwysers te bring.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2018-05-15